# Bergrivier Municipality

Saamgestel deur GERNA CROESER
**Bibliotekaris**

## Piketberg Biblioteek

Piketberg Openbare Biblioteek is in hul huidige gebou sedert 1993 nadat die vorige munisipale gebou in 1992 afgebrand het.

Die personeel bestaan uit vier lede: Gerna Croeser, bibliotekaris; Bettie Swarts, biblioteekassistent; Crazentia Strauss, boekpakker/skoonmaker, en Carmen van Wyk, biblioteekhulp (Voorwaardelike Toelae).

Gereelde uitstallings word volgens temas en spesiale dae gemaak. Tydens vakansies word 'n vakansieprogram aangebied vir kinders onder 12 jaar. Biblioteekpersoneel besoek die tehuis vir bejaardes elke tweede Donderdag. Daar is 22 lede wat ongeveer 95 boeke per maand uitneem. Die Piketberg Leeskring vergader op een Woensdag per maand en het 'n ledetal van 29. Hulle kry een keer 'n jaar 'n skrywer om as spreker op te tree.

Tydens Biblioteekweek word die biblioteek versier volgens die betrokke tema en die skole word genooi om deel te neem aan aktiwiteite.

Ledetal: 3,186
Sirkulasie: 55,948

## LB Wernich Biblioteek

LB Wernich Biblioteek in Piketberg is in 1977 geopen.

Elsie Basson is die bibliotekaris sedert 1985, Sune Burrows die skoonmaker/boekpakker, en Alicia Karools die biblioteekhulp wat die Voorwaardelike Toelae-pos beklee.

Vakansietye word die kinders met verskeie programme besig gehou, vermaak en opgevoed.

Ledetal: 1,786
Sirkulasie: 35,791

## Eendekuil Biblioteek

Eendekuil Biblioteek is sedert 2002 in hul nuwe munisipale gebou.

Divan Karools is die bibliotekaris en Tanya Ockhuis, die biblioteekhulp, is in die Voorwaardelike Toelae-pos aangestel.

Vakansietye hou hulle die kinders besig met video's en vakansieprogramme.

Ledetal: 729
Sirkulasie: 10,423

## Redelinghuys Biblioteek

Redelinghuys Biblioteek is pas vergroot en lyk nou sommer splinternuut.

Jeanet Sadie is die bibliotekaris en Marga van der Westhuizen, biblioteekhulp, is in die Voorwaardelike Toelae-pos.

Hulle is baie opgewonde om nou iets te kan beplan vir die vakansie, want daar is nou genoeg ruimte beskikbaar.

Ledetal: 536
Sirkulasie: 11,585

## Goedverwacht Biblioteek

Goedverwacht Biblioteek het drie personeellede: Charmain van Rensburg, bibliotekaris (Voorwaardelike Toelae); Carol Jantjies, biblioteekassistent (Voorwaardelike Toelae) en Liezl Dietrich, biblioteekhulp (Voorwaardelike Toelae).

Die biblioteek is in 1999 deur Myra Lesch en Charmain van Rensburg met geskenkte boeke asook ou skoolboeke begin om die skoolkinders te help. In 2002 het dit 'n geaffilieerde biblioteek geword. Hulle is altyd besig met aktiwiteite, boekopvoeding en speletjies vir die kinders. Die biblioteekpersoneel besoek die bejaardeklub elke Dinsdag vir boeke uitruil en 'n boekvoorlesing.

Ledetal: 955
Sirkulasie: 34,003

## Velddrif Biblioteek

Velddrif is aan die pragtige Weskus geleë. Die dorp is bekend vir baie dinge, maar veral vir die visbedryf. Noem jy Velddrif, dink mense gewoonlik eerste aan bokkoms ( gedroogde harders) en die Bergrivier kanovaart.

Die Bergrivier mond hier in die see. Die verskeidenheid in die natuurlewe maak die dorp iets besonders. Meer as 200 voëlspesies kom hier voor. Dan is daar die see, die rivier, die vleiland, die blomme, die Suidoos en nog baie meer. Dwarskersbos wat so 10 km noord van Velddrif lê, word ook een maal per week deur Velddrif Biblioteek bedien.

Net so kleurryk is ons inwoners. Hier woon baie vissers, maar ook mense met baie ander beroepe. Velddrif is ook 'n gewilde vakansie- en aftreedorp.

Die twee biblioteke wat die dorp bedien is Velddrif Biblioteek en Noordhoek Biblioteek.

Ronél Kritzinger is die bibliotekaris, Orlean Claassen die biblioteekassistent en Anna Ontong die biblioteekhulp. Anna, wat vir baie jare die pos beklee het, het siek geword en is in die proses van uittrede. Natasha Pieters is die tydelike biblioteekhulp.

Ledetal: 3,175
Sirkulasie: 71,380

## Noordhoek Biblioteek

Adri Cloete is die senior biblioteekassistent, Lawrette Faro die biblioteekhulp en Nancy Soxa die tydelike biblioteekhulp (Voorwaardelike Toelae).

Ledetal: 1,569
Sirkulasie: 30,030

## Aurora Biblioteek

Aurora is 'n ongerepte Sandvelddorpie aan die westekant van die Piketberge. Die dorp is bekend vir sy rustigheid en mooi natuurskoon. In die laaste jare koop baie stedelinge graag eiendom hier, juis oor die rustigheid.

Linda Nero is die senior biblioteekassistent en Alice Loff die tydelike biblioteekhulp (Voorwaardelike Toelae).

Ledetal: 293
Sirkulasie: 9,250

## Porterville

Porterville vorm deel van die koringstreek en word deur twee biblioteke bedien: Porterville Biblioteek en Bettie Julies Biblioteek. Porterville Biblioteek bestaan sedert 1985, is die grootste biblioteek in die Bergrivier Munisipale area en spog met die hoogste sirkulasie.

Die bibliotekarispos is tans vakant en Magda Verhoog (biblioteekassistent) neem waar, AC Edwards is die boekpakker/skoonmaker (Voorwaardelike Toelae) en T Otto skoonmaker.

Ledetal: 3,364
Sirkulasie: 80,805

## Bettie Julius Biblioteek

Bettie Julius was voorheen bekend as Monte Bertha, die woonarea waarin dit geleë is, maar die naam het in 2004 verander. Gail van der Ventel is senior biblioteekas-

sistent en LG Swarts die biblioteekassistent (Voorwaardelike Toelae).

Ledetal: 2,956
Sirkulasie: 44,277

## Wheelie Wagons

Daar is tans twee Wheelie Wagons in die area met 'n derde wat binnekort open.

### Wittewater

Wittewater het in Desember 2009 'n Wheelie Wagon-biblioteek gekry. Danielle Goliath is die bibliotekaris (Voorwaardelike Toelae).

Aanvanklik was die ou historiese grasdakhuisie sonder krag maar in 2010 het die munisipaliteit krag aangelê en kan Danielle nou gereeld video's wys vir die kinders. Sy sorg dat daar goeie samewerking is tussen die biblioteek en die laerskool op Wittewater.

Ledetal: 456
Sirkulasie: 13,361

### Versveld

Versveld Wheelie Wagon word binnekort op Piket-Bo-Berg geopen.

Ledetal: 0
Sirkulasie: 0

### Berghof

Hierdie Wheelie Wagon is 'n piepklein bibliotekie in die Porterville – Bo-Berg area, gehuisves in 'n skeepsvraghouer. Dit staan by die Berghof Laerskool op 'n plaas met dieselfde naam. Hier is min of geen selfoonontvangs. Kinders is die beste gebruikers van die bibliotekie.

Jackie Titus, die bibliotekaris in 'n Voorwaardelike Toelae-pos, is aan die stuur.

Ledetal: 75
Sirkulasie: 2,700





*Ruim spasies in Noordhoek Biblioteek verwelkom gebruikers*



*'n Gerieflike area om in te ontspan in Noordhoek Biblioteek*

*Die sagte groen mure van Porterville Biblioteek is 'n welkome baken in die dorp*



*Porterville Biblioteek is die grootste in die Bergrivier Munisipaliteit*



*Alhoewel ruimte beperk is, is daar tog 'n plekkie vir kinders in Wittewater Wheelie Wagon se gebou*

*Die ruim uitreikingsarea in Bettie Julius Biblioteek*






*'n Treffende Jeugdag-uitstalling in Bettie Julius Biblioteek*



*Bettie Julius Biblioteek was voorheen bekend as Monte Bertha*

*Wittewater Wheelie Wagon word vanuit hierdie historiese grasdakhuisie bedryf*

▼ Jackie Titus, biblioteekassistent van Berghof, 'n piep-klein bibliotekie in Porterville wat in 'n skeepsvraghouer gehuisves word




▼ Groot opgewondenheid het geheers toe Chatsworth Biblioteek sy deure in November 2010 oopgemaak het. Hierdie jong bibliotekie spog reeds met 'n sirkulasiesyfer van 1,068





▼ Koel groen mure skep 'n rustige atmosfeer in Riebeek-Wes Biblioteek



▼ Tydskrifte is sommer byderhand wanneer gebruikers in die gemakstoele in Darling-Noord Biblioteek ontspan



▼ Darling-Noord Biblioteek se personeel span hul kreatiwiteitsvernuf in - tenspyte van beperkte ruimte, bied hulle meer, maar kleiner uitstallings aan






▲ Kyk net die treffende spinnekop-uitstalling in Darling Biblioteek

▼ Kinders is 'n kerngebruikersgroep in Malmesbury Biblioteek en die heerlike oop ruimtes maak hierdie biblioteek 'n populêre besoekpunt



▼ 'n Uiters treffende ultra-moderne uitreiktoonbank in Moorreesburg Biblioteek






▲ Moorreesburg Biblioteek se personeel is altyd reg met 'n nuwe projek om gebruikers te verras

▼ Die rekenaarafdeling in Wesbank Biblioteek word goed gebruik






▲ 'n Warm atmosfeer groet gebruikers wanneer Riebeek-Kasteel Biblioteek besoek word



◄ Riebeek-Kasteel Biblioteek word in hierdie pragtige Victoriaanse gebou gehuisves



▲ Ruim spasie skep 'n welkome gevoel vir gebruikers in Wesbank Biblioteek